# Ontmoeting 25

# Ware wysheid

## Bybelteks

1 Konings 3:1-15

## Kernwaarheid

Ware wysheid begin met die dien van die Here.

## Weet meer

**Wie?**
Die Here verskyn aan koning Salomo in ʼn droom (vroeg in sy koningskap).

**Waar?**
Gibeon. Die plek waar baie offers gebring is voordat daar ʼn tempel in Jerusalem was.

**Wat?**
In 1 Konings 3:1 sien ons dat koning Salomo hom aan die begin van sy bewind aan die farao van Egipte verbind het deur met sy dogter te trou. Egipte was in Salomo se tyd een van die groot handelslande in die wêreld en was ook bekend vir sy boukuns en wysheid.

Ons lees in Eksodus dat die Israeliete swaar gekry het in Egipte. Onder leiding van Moses het God egter vir hulle ʼn nuwe lewe gegee. Dit is dus vreemd dat Salomo met die farao se dogter getrou het. Op die oog af kon hierdie huwelik na ʼn slim politiese skuif lyk, maar vanuit ʼn geloofsperspektief het dit uiteindelik tot Salomo se ondergang gelei.

In 1 Konings 3:3 lees ons van Salomo se tweestryd: "Salomo het sy liefde vir die Here getoon deur die vaste voorskrifte van Dawid, sy vader, te volg, behalwe dat ook hy

nog steeds op die offerhoogtes geoffer en wierook gebrand het." Salomo behoort nie hier offers te bring nie, maar eerder in Jerusalem. Ons kan nie met sekerheid sê aan wie hy hier offers bring nie; dit is moontlik dat dit aan afgode was omdat hy in Gibeon is.

Eendag, terwyl Salomo in Gibeon was om te offer, verskyn die Here in 'n droom aan hom. In hierdie droom sê die Here vir Salomo: "Vra wat Ek vir jou moet gee" (v 5). Salomo is onseker hoe hy hierdie vraag moet beantwoord. Hy noem dat hy jonk en onervare is (v 7). Hy het 'n groot verantwoordelikheid om die volk van die Here te regeer. Salomo sê dan vir die Here: "Gee dan aan u dienskneg 'n hart wat luister om as regter op te tree vir u volk, om te kan onderskei tussen goed en kwaad; want wie kan regspreek oor hierdie veeleisende volk van U?" (v 9). Omdat hy nie rykdom, aansien en die dood van sy vyande vra nie, voldoen die Here aan sy versoek – en Hy gee boonop vir Salomo rykdom en aansien.

Volgens die Hebreeus vra Salomo vir insig om regsuitsprake vir die volk te lewer. Dit is deel van wysheid, maar nie die volle prentjie van wysheid soos ons in die Bybel lees nie. Salomo se wysheid in uitsprake word geïllustreer deur die verhaal van die twee vroue en die baba in die tweede helfte van hierdie hoofstuk.

Op hierdie punt lyk dit of Salomo sy belofte aan sy pa, Dawid, gaan nakom, maar op die ou end het Salomo nie God se pad van wysheid geloop nie. Uit die manier waarop Salomo oor sy pa praat, is dit duidelik dat hy weet wat 'n lewe van wysheid behels:

- om in die trou en liefde van God te leef
- om met waarheid, geregtigheid en opregtheid te leef
- om die kennis wat jy besit só toe te pas dat jy 'n lewe voor God en jou medemens leef wat die wêreld vir jou en ander mense 'n beter plek maak.

Salomo leef eerder volgens 'n "wêreldse wysheid" waar alles wat hy doen net oor homself gaan. Hy fokus op die rykdom en aansien wat hy ontvang het, eerder as op gehoorsaamheid aan God. Aan die einde van sy lewe begin hy selfs sy vyande doodmaak. Salomo het soos 'n tweede farao geword.

**Waarom?**
Salomo se groter verhaal in 1 Konings is 'n tragedie (Ontmoeting 27 gaan daarop fokus). Hy het soveel geleenthede gehad, maar dit nie reg benut nie. In hierdie ontmoeting gaan ons fokus op die keuse vir 'n lewe van ware wysheid.

Volgens Spreuke is ware wysheid wat van God kom die onderskeidingsvermoë om te begryp wat die wil van die Here is. Dit gee vir ons, ander mense en die ganse skepping betekenis en hoop. Dít is die soort wysheid wat Salomo eerder moes najaag.

Die eerste stap op die reis na ware wysheid is om jou eie dwaasheid te erken. Ons almal het foute en kan nie die regte pad in elke situasie insien nie. Net God kan, en ons bly afhanklik van Hom. Wysheid is om te midde van jou tekortkomings en dit wat jy nie verstaan nie, God se wil in elke situasie te soek. Hierdie wysheid gaan hand aan hand met "die vrees van die Here" (Spr 1:7, 1933/1953-vertaling; die 2020-vertaling praat van "ontsag vir die Here"). Die vrees van die Here beteken nie dat ons bang is vir God nie, maar dat ons met verwondering leef vir wie Hy is. Alles wat ons het, kom uit sy hand en ons kies om ons lewe volgens sy waardes in te rig.

## Bring saam

**Huisgeloof**

- Karton of papier en tou om windklokkies te maak.
- Koki's, kleurpotlode of -penne.

# Leef saam HUISGELOOF

## WELKOM

Gesels saam:

- Wie is die slimste persoon wat julle ken? Wat maak hierdie persoon so slim?
- Wie is die wysste persoon wat julle ken? Wat maak hierdie persoon wys?
- Wat is die verskil tussen kennis (slim wees) en wysheid?

## WONDER

Vandag gaan ons 'n verhaal van koning Salomo lees wat ons verder oor wysheid gaan laat dink.

Lees 1 Konings 3:1-15 en Spreuke 1:7.

Gesels saam:

- Die Here verskyn in 'n droom aan koning Salomo met 'n groot vraag: "Wat kan Ek vir jou gee?" Wat dink julle sal die meeste jong konings of leiers kies as dit met hulle sou gebeur?
- Hoe kan ons meer kennis opdoen?
- Wat is wysheid, volgens Spreuke 1:7?
- In die lig van Spreuke 1:7, hoe kan julle mekaar in die huis help om wyse besluite te neem?

## WEES

Maak as huisgesin saam "wysheid-windklokkies". Knip 'n stukkie karton of papier in 'n reghoek en skryf die woord "wysheid" daarop. Maak 'n gaatjie in die reghoek (in die middel van die een kort sy) en ryg 'n toutjie daardeur (hierdie toutjie gaan gebruik word om die windklokkies op te hang).

Knip 'n paar verskillende vorms (soos driehoeke, sterretjies, hartjies, en so meer) uit karton of papier. Elke persoon in die huis moet ten minste een vorm kry. Laat elkeen beskryf wat 'n lewe van wysheid beteken. Dit kan 'n aanhaling, Bybelvers of selfs 'n prentjie wees.

Maak 'n gaatjie aan die bokant van elke vorm en maak 'n toutjie daaraan vas. Die toutjies moet verskillende lengtes hê. Maak 'n paar gaatjies in die reghoek waarop "wysheid" staan ('n gaatjie vir elke vorm wat julle gemaak het) en maak die vorms se toutjies aan die reghoek vas.

## WEGSTUUR

Hang julle windklokkies êrens in die huis waar die wind gereeld waai. Laat dit julle herinner wat wysheid beteken en dat julle met wysheid moet leef.